higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2

(11011042)

1 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

NOTA: As jy meer as die verlangde aantal vrae beantwoord, sal slegs die verlangde aantal nagesien word. ALLE werk wat jy NIE wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die tyd van die jaar, gewoonlik tydens skoolvakansies wanneer die meeste toeriste 'n gebied besoek:

A Besige seisoen
B Warm seisoen
C Buite-spits seisoen
D Spitsseisoen

1.2 Kos- en drankdiens in die gasvryheidsbedryf sluit die volgende in:

A Reis en portiere
B Huishouding en kamerbediende ('*valet')*
C Banket- en konferensiefasiliteite
D Portiere en ontvang

1.3 Die sektor wat verantwoordelik is vir die toesighouding van verskeie opleidingsprogramme in verskillende sektore van die ekonomie:

A SETA
B SAQA
C TETASA
D HITB

1.4 Die Uniegebou is geleë in hierdie stad:

A Johannesburg
B Kaapstad
C Durban
D Pretoria

1.5 EEN van die grootste attraksies in Noord-Kaap provinsie:

A Augrabies Waterval Nasionale Park
B Pilanesberg Nasionale Park
C Kruger Nasionale Park
D Vredefort Koepel

Kopiereg voorbehou

1.6 'n Persoon wat ten minste een nag in 'n verblyfinstelling in sy of haar eie land, d.w.s. Suid-Afrika oornag:

A Swerwer
B Internasionale toeris
C Wêreldtoeris
D Plaaslike toeris

1.7 Die … is verantwoordelik vir dienste wat deur die regering verskaf word.

A private sektor
B openbare sektor
C regeringsektor
D reissektor

1.8 Iemand wat ander mense se vakansies beplan, organiseer en bespreek:

A Reisagent
B Toeroperateur
C Geleentheidsbeplanner
D Diensverskaffer

1.9 Definisie van *ekonomiese ontwikkeling:*

A Verbetering in die sosiale toestande van 'n gebied
B Verbetering in die fisiese toestande van 'n gebied
C Verbetering in die sosio-ekonomiese toestande van 'n gebied
D Verbetering in die omgewingstoestande van 'n gebied

1.10 Toeris wat in 'n groot groep reis:

A Dagtoeris ('*excursionist')*
B Massatoeris
C Onafhanklike toeris
D Avontuurtoeris

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

groeifase; fauna; gasvryheid; rommel; spoorvervoer; ontspanning; verantwoordelike toerisme; prinsipaal; lugvervoer; endemies; virtuele toerisme; uitput

2.1 Vinnigste vorm van vervoer tussen punte

2.2 Ervarings waar mense van een of ander prestasie voorsien word

2.3 Wanneer 'n produk meer gewild word en deur ander uitgebuit word

2.4 Belangrikste verskaffer van toerismeprodukte

2.5 Verskaffing van produkte en dienste in verblyf- en spysenieringsdienste

2.6 Spesie wat slegs in 'n sekere gebied voorkom

2.7 Om getal of hoeveelheid te verminder, byvoorbeeld jag en visvang vernietig en verminder 'n aantal spesies

2.8 Laat vullis in 'n openbare plek

2.9 Toerisme wat verseker dat die omgewing nie beskadig word nie

2.10 Toerisme wat nie fisiese reis behels nie, maar om die wêreld te ontdek deur die internet, boeke, televisie ensovoorts

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Kioske en aandenkingswinkels is van die plekke waar 'n mens inligting oor verskillende toeriste-attraksies kan kry.

3.2 GSA is 'n maandelikse gids wat in A4-formaat gepubliseer word wat reisagente van reisinligting voorsien.

3.3 Uitwaartse toeroperateurs spesialiseer daarin om toeriste na 'n gasheerland te bring, byvoorbeeld uit ander lande na Suid-Afrika.

3.4 Internasionale toeriste is op soek na 'n veilige omgewing wanneer hulle 'n bestemming kies om na te reis.

Kopiereg voorbehou

3.5 Plaaslike toeriste hoef nie soos internasionale toeriste spesiale behandeling te kry nie omdat hulle die land ken.

3.6 Die Kruger Nasionale Park is in KwaZulu-Natal.

3.7 As 'n reisagent kan jy aan toeriste se behoeftes voldoen en hulle ervarings verbeter deur moontlik plekke aan te beveel om te besoek.

3.8 Die akroniem WTO staan vir World Travel Organisation.

3.9 Teikenmark verwys na die groep mense wat 'n besigheid beoog om te lok.

3.10 Een van die kwalifikasies wat in toerisme beskikbaar is, is 'n sertifikaat in toeristeleiding ('*tourist guiding*').

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Gee EEN term/afkorting/akroniem vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Vereniging wat ontwikkeling en groei wil bewerkstellig, armoede verlig en die lewe van mense in Suidelike Afrika wil verbeter

4.1.2 Departement wat gemoeid is met besluite vir beleidmaking wat die toerismebedryf in Suid-Afrika beheer

4.1.3 Toeris wat geen spesifieke reisplanne in gedagte het nie

4.1.4 Maatskappye wie se werk dit is om inligting oor verskillende plekke en toeriste-uitstappies te verskaf

4.1.5 'n Opelug straatmark vir goedkoop of tweedehandse artikels

(5 × 1) (5)

4.2 Noem VYF loopbaangeleenthede in die toerismebedryf. (5)

[10]

VRAAG 5

In watter provinsie is elk van die volgende attraksies of aktiwiteite geleë? Skryf slegs die naam van die provinsie langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1 Mkambati Natuurreservaat

5.2 QwaQwa Nasionale Park

5.3 Kruger Nasionale Park

5.4 Kgalagadi Oorgrenspark

5.5 Sun City

5.6 Pelgrimsrus

5.7 Goudrifstad

5.8 Moses Mabhida Stadion

5.9 Victoria en Alfred Waterfront

5.10 Museum van Afrika

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 6

Lees die artikel oor die Toerisme Indaba in die BYLAE (aangeheg) en beantwoord die vrae.

6.1 Noem en verduidelik VYF positiewe bydraes wat hierdie tipe toerismegeleentheid op die ekonomie van Suid-Afrika kan hê. (5 × 2) (10)

6.2 Onderskei tussen die volgende hulpbronne en gee EEN voorbeeld van elk:

6.2.1 Natuurlike hulpbronne

6.2.2 Mensgemaakte hulpbronne

(2 × 2) (4)

6.3 Noem SES nadele van toerisme vir die omgewing. (6)

6.4 Noem VYF sektore van die toerismebedryf wat toeriste sal gebruik wanneer hulle die Toerisme Indaba besoek. (5)

6.5 Wie is die hooforganiseerder van die Toerisme Indaba? (1)

6.6 Gee VIER sleutelfunksies en rolle van provinsiale toerismedepartemente. (4)

6.7 Noem VIER opsies wat beskikbaar is om toerismestudie te finansier. (4)

6.8 Verduidelik elk van die volgende terme:

6.8.1 Toeris

6.8.2 Toerisme

6.8.3 Toerismeproduk

(3 × 2) (6)

6.9 Noem VYF openbare sektor ondersteuningsdienste wat sal bydra om die Toerisme Indaba 'n suksesvolle geleentheid te maak. (5)

6.10 Noem VYF vrae wat jy 'n toeris sal vra om sy/haar reisbehoeftes te identifiseer. (5)
[50]

VRAAG 7

Lees die aanhaling hieronder en beantwoord die vrae.

Een van die hoekstene van toerisme is toeriste. Toeriste is baie belangrik vir Suid-Afrika, aangesien hulle buitelandse geld die land inbring en ook werk skep vir mense in ons gemeenskappe. Toeriste gebruik verskillende toerismeprodukte soos verblyf, vervoer en attraksies en hulle verwag goeie waarde/diens vir hulle geld. Dit is dus belangrik dat ons ons toerismeprodukte bewaar en handhaaf sodat toeriste Suid-Afrika weer sal besoek.

7.1 Gee VYF redes waarom mense reis. (5)

7.2 Onderskei tussen elk van die volgende verblyfondernemings:

7.2.1 Gastehuis

7.2.2 Wildplaasgastehuis ('*lodge')*

7.2.3 Bed en ontbyt onderneming

(3 × 2) (6)

7.3 Noem en verduidelik VIER tipes inligtingsdienste waar toeriste-inligting oor verskillende attraksies kan kry. (4 × 2) (8)

7.4 Noem en verduidelik TWEE tipes toeroperateurs. (2 × 2) (4)

7.5 Omskryf die term *volhoubare toerisme.* (3)

7.6 Noem en verduidelik kortliks VYF faktore wat die volhoubaarheid van toerisme in Suid-Afrika sal ondersteun. (5 × 2) (10)

7.7 Gee VYF faktore wat die toerisme- en gasvryheidsbedryf in Suid-Afrika negatief kan beïnvloed. (5)

7.8 Noem VYF bronne wat toeriste kan gebruik om toerisme-inligting te soek. (5)

7.9 Gee VIER redes waarom toeriste Suid-Afrika besoek. (4)

[50]

VRAAG 8

8.1 Bespreek VYF rolle van Departement van Omgewingsake en Toerisme as die nasionale rolspeler in die toerismebedryf. (5 × 2) (10)

8.2 Noem VYF bronne van inligting wat gebruik kan word om werk in die toerismebedryf te soek. (5)

8.3 Verduidelik die belang van volhoubare toerisme. (2)

8.4 Noem VIER modusse van vervoer wat toeriste kan gebruik wanneer hulle reis. (4)

8.5 Verduidelik die term *inflasie*. (1)

8.6 Dekodeer elk van die volgende toerisme-organisasies:

8.6.1 HAASA

8.6.2 ICRA

8.6.3 TLC

8.6.4 THETA

8.6.5 SAVRALA

(5 × 2) (10)

8.7 Gee TWEE posisies vir elk van die volgende subsektore waarvoor jy kan aansoek doen wanneer jy jou kwalifikasie in toerisme voltooi het:

8.7.1 Padvervoer

8.7.2 Ondersteuningsdienste

8.7.3 Spoorvervoer

8.7.4 Toeristebestemmings

(4 × 2) (8)

8.8 Noem TWEE funksies van die private sektor in die toerismebedryf . (2 × 2) (4)

8.9 Watter soort toeris is 'n *avonturier*? (2)

8.10 Noem VIER funksionele areas in die gasvryheidsbedryf. (4)

[50]

VRAAG 9

Lees die aanhaling hieronder en beantwoord die vrae.

Toeriste kies Suid-Afrika as 'n bestemming vanweë die verskeidenheid toeristeprodukte en -dienste wat ons kan aanbied. Die toename in toerisme hang af van die produktiwiteit en dienslewering van die verskillende sektore in die toerismebedryf. Die ekstra geld wat buitelandse besoekers na Suid-Afrika bring, kan 'n verskil maak aan ons mense se armoede, byvoorbeeld as die diens wat toeriste kry nie goed is nie, sal die bedryf nie groei en uitbrei nie, wat 'n negatiewe impak op die ekonomie van die land sal hê. Om hierdie rede het almal wat by reis en toerisme in Suid-Afrika betrokke is 'n baie belangrik verantwoordelikheid.

9.1 Gee VYF redes waarom internasionale toeriste Suid-Afrika besoek. (5 × 2) (10)

9.2 Daar is baie maniere waarop 'n toerismebesigheid bevoordeel kan word as dit kwaliteitdiens aan sy kliënte lewer.

Gee VYF voorbeelde van goeie diens en VYF voorbeelde van swak diens.

(5 × 2) (10)

9.3 Noem VIER dienste wat 'n reisagent aan 'n kliënt kan verskaf. (4)

9.4 Omskryf die term *marksegmentasie.* (2)

9.5 Noem SEWE van Suid-Afrika se Wêrelderfenisterreine. (7)

9.6 Verduidelik die funksie/belang van ondersteuningstelsels in die toerismebedryf. (3)

Kopiereg voorbehou

9.7 Wat is 'n *entrepreneur*? (2)

9.8 Watter tipe toeriste is die volgende:

9.8.1 Georganiseer in hulle reisplanne

9.8.2 Kan dalk baie meer hulp en leiding nodig hê voor hulle reis

9.8.3 Het 'n klein bedrag geld om aan reis te bestee

9.8.4 Hoë verwagtinge van die vakansie-ervaring en wil hê die vakansie moet spesiale herinneringe skep; dus moet hulle welkom voel

9.8.5 Groot begroting en bereid en gewillig om meer aan 'n vakansie te bestee

(5 × 1) (5)

9.9 Wat is die verskil tussen *reis* en *toerisme*? (2 × 2) (4)

9.10 Verduidelik die bekendstellingsfase in die lewensiklus van 'n produk. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

Oor INDABA

INDABA is een van die grootste bemarkingsgeleenthede vir toerisme op die Afrika-kalender en een van die top drie geleenthede van sy soort op die wêreldkalender wat 'n mens moet besoek.

Dit is 'n geleentheid waartydens die grootste verskeidenheid van Suidelike Afrika se beste toerismeprodukte ten toon gestel word en lok internasionale kopers en die media van reg oor die wêreld. INDABA word besit deur Suid-Afrika Toerisme en word georganiseer deur Pure Grit Project and Exhibitions Management (Edms) Bpk.

INDABA het die toekenning as Afrika se beste reis- en toerismeskou gewen. Hierdie toekenning word deur die Association of World Travel Awards aangebied.

Uitstaller se profiel

INDABA bring die heel beste van Suider-Afrikaanse toerismeprodukte en -dienste vir die internasionale reishandel bymekaar. Uitstallers in die Durbanse Uitstallingsentrum (DEC) sluit in provinsiale owerhede, provinsiale produkte en Afrika-lande. In die Internasionale Konvensiesentrum (ICC) word kategorieë vir uitstallers verblyf, toeroperateurs, wildplaasverblyf, vervoer, aanlyn reis, mediapublikasies en bedryfsverenigings ingesluit. Buitelewe-uitstallers sluit vervoer, kampeer- en safarimaatskappye in.

Koper se profiel

- Inwaartse toeroperateurs
- Buitelandse reisagente
- Lugrederye
- Bestemmingsbestuursmaatskappye ('*destination management companies')*
- Aanlyn besprekingsmaatskappye
- Maatskappye wat vervoer verskaf



Mediaprofiel

Die INDABA het 'n getroue volgers in die plaaslike en internasionale media wat breedvoerige dekking van die uitstalling in die plaaslike en internasionale markte deur die radio, televisie, koerante en toegewyde reispublikasies gee.

[Aangepas uit: *www.indaba-southafrica.co.za/about/default.aspx*]

Kopiereg voorbehou